



2027-BEURSE VIR HONNEURS IN Afrikaans, Afrikaans en Nederlands, Afrikaanse Taalpraktyk of Afrikaanse Skryfkuns



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns stel jaarliks 'n beperkte aantal nagraadse beurse beskikbaar vir honneursstudie in die vakrigting Afrikaans, Afrikaans en Nederlands, Afrikaanse Taalpraktyk of Afrikaanse Skryfkuns. Met hierdie beurse wil die SA Akademie die studie van die Afrikaanse taalkunde, letterkunde, taalpraktyk en skryfkuns bevorder.

Wat is die waarde van die beurse?

- R4 000 per module vir kandidate met 'n gemiddeld van minstens 65% vir Afrikaans 3 en/of Taalpraktyk 3.
 - R6 000 per module vir kandidate met 'n gemiddeld van minstens 75% vir Afrikaans 3 en/of Taalpraktyk 3.
- (Bedrae word deur die beskikbaarheid van fondse bepaal).



Wat is die vereistes vir hierdie beurse?

1

'n Finale punt van minstens 65% in die vak Afrikaans en/of Taalpraktyk of Skryfkuns op derdejaarsvlak (amptelike akademiese rekord moet die aansoek vergesel).

4

'n Gesertifiseerde afskrif van die student se identiteitsdokument en bewys van registrasie (indien beskikbaar) vir honneursstudie in Afrikaans en/of Taalpraktyk of Skryfkuns moet die aansoek vergesel.

2

Kandidate moet vir die volle duur van die studie by 'n universiteit geregistreer wees.

5

Indien studente nie hul studie in die voorgeskrewe tydperk voltooi nie, skakel die beurs oor in 'n lening wat onmiddellik aan die SA Akademie terugbetaalbaar is.

3

Aanbeveling deur die hoof van die Departement Afrikaans en/of Taalpraktyk (amptelike brief moet die aansoek vergesel).

6

Navorsingskripsies moet in Afrikaans vir eksaminering ingedien word.



1

Aansoekvorms is beskikbaar op die webblad by <https://www.akademie.co.za/beurse-befondsing/nagraadse-beurse> of by me. Melanie Rens by melanie@akademie.co.za.

2

Aansoeke moet die SA Akademie bereik vóór of op **31 Januarie 2027** by melanie@akademie.co.za.

Wat moet saam met die aansoekvorm ingedien word?

1

Bewys van registrasie by 'n universiteit (indien beskikbaar)

2

Jongste akademiese kwalifikasie

3

Gesertifiseerde afskrif van identiteitsdokument

4

Aanbeveling van die betrokke departementshoof

5

Begroting en verslag van alternatiewe en bykomende finansiering en/of beurse

Wanneer word die uitslag van die aansoek bekendgemaak?

Kandidate word in Februarie 2027 ingelig oor die uitslag van die aansoek.

Hoe geskied die uitbetaling van 'n beurs?

1

Uitbetaling is onderhewig aan die aanvaarding van die beurs en die ondertekening van 'n beursooreenkoms, sowel as 'n leningsooreenkoms wat slegs van krag word indien beurshouers nie hul studie voltooi of enige van die ander vereistes nakom nie.

2

Die eerste helfte van die beurs word in **Mei 2027** uitbetaal nadat 'n 2027-registrasiebewys en die getekende ooreenkoms deur die SA Akademie ontvang is.

3

Die tweede en laaste betaling word gemaak na die ontvangs van 'n amptelike honneurseksamenuitslag.

4

Beurshouers moet 'n borgsteller aanwys wat verantwoordelik sal wees vir die terugbetaling van die beursgeld sou die student nie kan nie.



Vir meer inligting i.v.m. die beurse kontak me. Melanie Rens by melanie@akademie.co.za.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is verbind tot die bevordering van wetenskap, tegnologie, letterkunde en kuns in Afrikaans, asook die gebruik en beskerming van alle variëteite van Afrikaans.

